# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 17 September 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

### Vandag by die Kerk

**09h00 - Erediens**
**09h00 - Kleuterkerk**
**10h00 - Kategese**
**10h15 - Verskeie wyksbyeenkomste**




### Soos jy dink, so is jy!

Ons hoor dit gereëld maar ons glo dit nie altyd nie: jou gedagtes bepaal die gehalte van jou lewe. Wanneer jy in die oggend opstaan, word jou gedagtes saam met jou wakker. En wanneer jy met 'n probleem worstel, klim dié probleem saam met jou uit die bed, dikwels met die verkeerde voet. As jy aanhou om dieselfde gedagtes te dink, sneller jy elke keer bepaalde emosies. En stadig maar seker maak jou liggaam plek vir dié gevoelens. Jy kan jouself siek of gesond dink. Wanneer jy terugdink aan 'n pynlike gebeurtenis uit die verlede, maak dit vrees of angs by jou wakker en voor jy weet, kleur dit jou prentjie van vandag en more donkergrys.

Hulle sê die belangrikste vyf minute van jou dag is die vyf minute voor jy aan die slaap raak. Wat doen ons almal in dié tydjie? Ons dink aan alles waarby ons nie uitgekom het nie en ons maak 'n lys van al ons bekommernisse – dis die huiswerk wat jy vir jou brein gee om in die nag deur te werk. En dan wonder jy waarom jy so moeg wakker word in die oggend – met al gister se probleme dieper in jou brein ingegroef.Maar as jy op jou knieë gaan elke aand en Here vra om jou te help met positiewe denke voor jy aan die slaap raak, kan jou brein jou – wie weet - dalk met 'n plan of twee wakker maak...

### -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

### Kategese en Jeugwerk



☻ Ons glo kinders moet die Here leer ken en leer liefkry. Ouers wat nie saamstem nie, sal die prys daarvoor betaal. Dit het nóú en ewig gróót waarde om sterk te staan in die geloof

☻ Ons jeugspanne staan Sondae reg. Ons het uitstappies, uitreike en geselligshede vir ons kinders.

### Verjaarsdae 17-23 September 2023

17-Lohan Engelbrecht
Hannetjie Barnard
18-Derik Visser
19-Chené Henderson
Shei Smith
Henrico Heymans
20-Amanda Coetzer
Lianka Schoeman
Janeske Venter
21-Alida Lewis,
Hans Snyman,
Lourens Buys

### Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

### Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep. Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086

### Voorbidding benodig

- **Ivy Swart(1)**
- **Mariza Schutte(2)**
- **Henk Beumer(1)**
- **Theunette Engelbrecht**
- **Ivan Hopkins(13)**
- **Alwyn Barnard(1)**
- **Breggie Opperman(1)**
- **Hannetjie Barnard(1)**
- **Miemie Nel(1)**
- **Jan Koekemoer(3)**
- **Francisca Hopkins(13)**
- **Johan Maartins(15)**
- **Ansie Botha(14)**



Lighthouse sê baie baie dankie vir die jeug se besoek, omgee en bederf verlede Sondag. Hulle waardeer dit opreg!

### Teebeurte

17 Sept- Wyk 3+4
15 Okt - Wyk 16 + vrywilligers